SÊ JOU SÊ!

VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN DIE STAD KAAPSTAD: VERORDENING OP MUNISIPALE BEPLANNING, 2015

Die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 (MPBL), wat die Stad Kaapstad se ontwikkelingsbestuurskema (DMS) as bylae 3 insluit, word sedert 1 Julie 2015 by die Stad Kaapstad geïmplementeer en is al 'n paar keer gewysig.

Verdere wysigings word nou voorgestel, met in breë trekke drie oogmerke:

- om die toestaan van bouplangoedkeurings deursigtig te maak deur openbare kennisgewing van elke bouplangoedkeuring te vereis en deur omliggende bure toegang tot die goedgekeurde bouplan en die redes daarvoor te gee;
- om hoofstuk 8A van die Verordening, wat handel oor die regstelling van goedkeurings en bouplangoedkeurings, te hersien tot 'n toestemmingsgebaseerde proses wat deur 'n nuwe derdeparty-klagtemeganisme gesteun word; en
- om foute reg te stel en sekere bepalings van die MPBL en die DMS duideliker te maak, insluitende die bepalings wat goedkeurings wat ingevolge vorige beplanningswetgewing toegestaan is, behou.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, kry die publiek en belangstellende partye of groepe die geleentheid om gedurende die volgende tydperk kommentaar oor die voorstelle in te dien: 3 tot 17 Julie 2026.

Kommentaar kan soos volg ingedien word:
E-pos: lums@capetown.gov.za
Webwerf: www.capetown.gov.za/haveyoursay

Meer besonderhede, insluitende die voorgestelde wysigingsverordening en verduidelikende memorandum, is hier beskikbaar: www.capetown.gov.za/haveyoursay.

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdhede leef en mense uit benadeelde groepe wat nie in staat is om kommentaar of voorstelle in te dien nie, help om hulle kommentaar of voorstelle te laat opteken en by die Stad in te dien.

Vir algemene navrae oor openbare deelname en vir benadeelde groepe, kontak Anthea Bendie by 021 400 1450 of e-pos Anthea.Bendie@capetown.gov.za.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA129/2025

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.